OPENING ADDRESS

E A FICHARDT, Bloemfontein Ontwikkelingstigting

Geagte Voorsitter, u Edele Minister Hendrik Schoeman, eregaste, dames en here. Ek voel werklik geëerd en bevoorreg om deur u genooi te gewees het om by hierdie funksie vanaand betrokke te wees. Ek glo reeds lank dat betrokkenheid by die aktiwiteite van stads-, streeks- en provinsiale en landsgenote van kardinale belang is vir die vooruitgang van ons land en sy mense.

We are living in difficult times caused by a terrible drought, horrible uprisings, an unimpressive gold price, a weak rand and to a certain extent a pessimistic community and I certainly don't intend adding any thoughts in respect of any of these grim matters.

Die doelstellings van u Vereniging is die bevordering van kunsmisverbruik op wetenskaplike en ekonomiese grondslag en die ekonomiese welvaart van die kunsmis nywerheid.

Hierdie doelstellings van u wil ek graag koppel aan die doelstellings wat ek glo elke persoon, maatskappy, instansie, vereniging of regeringsvorm moet onderskryf deur te probeer aantoon dat die welvaart van die kunsmis nywerheid sal bydra tot die welvaart van ons land.

Ek glo dat elke persoon of instansie in die hoogste mate betrokke moet wees by die ruimtelike raamwerk waarin Suid-Afrikaners hul lewe gaan geniet en moet aanvaar dat die werk wat hulle doen, altyd so gedoen moet word dat dit 'n goeie uitwerking het op die lewensgehalte en die gehalte van die gemeenskappe wat hul lewe in Suid-Afrika moet deurbring.

Dit, glo ek, is net so van toepassing op u Vereniging as wat dit is op die Bloemfontein Ontwikkelingstigting en so ook op enige regeringsvorm in ons land, veral nou met die devolusie van gesag wat ten opsigte van derdevlak regering plaasvind.

Sy Edele die Administrateur van die Oranje-Vrystaat, Mnr Louis Botha, het by geleentheid van die opening van die Vierde Sessie van die Sesde Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat op 11 Februarie 1984 in die verband gesê:

"Vir sover dit die ruimer rolsvertolking deur Plaaslike Owerhede aangaan, word as basiese uitgangspunt geneem dat 'n Plaaslike Owerheid sy rol sodanig behoort te vertolk dat hy as senior ontwikkelingsvennoot in die betrokke gemeenskap sal dien en ook deur ander instansies op grond van die verdienstelikheid van sy bedrywighede, as sodanig aanvaar sal word. Dusdanig sal 'n Plaaslike Owerheid 'n sleutelrol in die bevordering van gemeenskapsontwikkeling in die breë betekenis van die begrip in sy omgewing speel."

en hy het verder bygevoeg:

"Plaaslike Owerhede sal daarvoor voorsiening moet maak dat hulle nie blote leweransiers van dienste en uitoefenaars van bepaalde beheermaatreëls is nie, maar inderdaad aktief moet deelneem aan die bevordering van totale ontwikkeling in hulle gebied."

Dit is juis met hierdie beginsels in gedagte dat die Bloemfontein Ontwikkelingstigting tot stand gekom het en nou poog, soos ons glo alle instansies moet poog, om die lewensgehalte van sy mense te verbeter.

As this General Meeting of your Society is taking place in Bloemfontein, and as I am a born and bred Bloemfonteiner, I am quite sure that you will forgive me for using our development foundation and the activities of our city to illustrate the points I wish to make.

Bloemfontein is totally committed to the support of the Government's policy of decentralisation and the development in regions. It is situated in the centre of a vast agricultural area and is pleased to serve such a community to the best of its ability. We realise that we can never grow, prosper and become the fourth largest metropolitan area in South Africa unless our hinterland also prospers and unless it sets its ultimate goal as that of even becoming inter alia the agricultural capital of the Republic of South Africa. To achieve this Bloemfontein wishes to be involved with the activities of the farming community, farming associations, agricultural unions and in every possible respect and wishes to support every project that could possibly be to the benefit of its people.

Your Society is likewise totally committed to the development and the well being of the farming community of our Country and it is therefore encouraging to know that we are also aspiring to achieve the same goals.

It is the easiest thing in the world for anyone to approach the Central Government when a need arises with the request that the necessary steps be taken to fill such a need and then to sit back and expect the central government to rise to the occation.

We believe that it is the duty of each and every citizen, association or institution to determine the needs of its community, to find the ways and means of fulfilling these needs and only then to approach the relative Government Department for the assistance required.

Met hierdie beginsels in gedagte en met die dat Bloemfontein onlangs as gevolg van 'n ongekende droogte tydelike waterbeperkingsmaatreëls moes instel, het die Ontwikkelingstigting gepoog om die gemeenskap te betrek by die probleem ten einde as gemeenskap te poog om gesamentlik op te tree.

Wat ons beplan glo ek illustreer beter dan enige iets anders wat ons beleid by die oplossing van probleme is.

Die hoof waterbronne van Bloemfontein en sy substreek is die Modderrivier, die Kafferrivier en die Rietrivier, terwyl die stad en sy omliggende stedelike

gebiede ook gesuiwerde water bekom van die Caledonrivier.

As gevolg van die droogte was nie alleen die Bloemfonteinse Munisipaliteit verplig om tydelike waterbeperkings in te stel nie, maar is die boerdery gemeenskap ook ernstig benadeel deurdat die besproeiingsdamme in die Modder-, Riet- en Kafferriviere nie voldoende water kon gaar om aan die behoeftes van die boere te voldoen nie.

Die Bloemfontein Ontwikkelingstigting het die inisiatief geneem en 'n waterberaad gereël wat sal plaasvind in Bloemfontein op 7 Mei 1985, wat ek glo tot voordeel van ieder en elke lewende siel in hierdie substreek sal wees.

We know that Prime Minister P W Botha at the time of the Good Hope Conference announced certain incentives for industrialist wishing to expand or settle in certain growth areas and that these incentives applied solely to industrialists. During his speach he said:

"In die eerste plek het die voorstelle uitsluitlik betrekking op nywerheidsontwikkeling. Die ontwikkelingsmoontlikhede van baie van die onderontwikkelde gebiede lê egter in ander vertakkings van die ekonomie opgesluit veral in die landbou."

Dit is seer sekerlik nie vir my nodig om hier uit te spel hoe belangrik die landbou vir Suid-Afrika is nie, maar ek wil tog die vraag vra of daar, waar en wanneer ookal, desentralisasie en die skepping van werksgeleenthede bespreek word, genoeg aandag gegee word aan die landbou sektor as 'n potensiële verskaffer van werksgeleenthede en as 'n mede bouer van 'n beter toekoms vir ons almal.

Ek word vreesbevange as ek dink hoe lank 'n mens sou kon praat oor die effek op die landbou en die gemeenskap as geheel indien die behoeftes van die landbouers van watter ras of kleur ookal, dieselfde aandag sou geniet as die behoeftes van die nyweraars en hul werknemers.

Ek maak hierdie stellings ter illustrasie van dit wat gedoen kan word deur verskillende gemeenskappe om hul eie lewenskwaliteit te verbeter. In die verband moet ons kennis daarvan neem dat die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie seer sekerlik besef watter bydrae die landbou tot die hele desentralisasie beleid kan lewer ten opsigte van gebalanseerde streeksontwikkeling en in die verband glo ek dat 'n vereniging soos u eie wat vir alle praktiese doeleindes uitsluitlik te make het met die landbousektor, ontsettend sal belangstel in hierdie verwikkelinge.

I am quite sure that many of you are acquinted with *Murphy's Law.*

I would like to refer you to one of these laws which reads as follows:

"The efficiency of a committee meeting is inversely proportional to the number of participants and the time spent on deliberations"

What prompted me to refer to above law was the realisation that a community today has to deal inter alia with the following:

The central government
The provincial administration
Divisional councils (fortunately not in the Free State)
Peri-Urban Boards (fortunately not in the Free State)
The new Regional Services Council
Municipalities
Local Boards
Regional Development Associations and
Regional Development Advisory Boards

It is therefore going to be difficult, time consuming and even frustrating for a person or institution to know at all times which of these councils, boards or institutions to approach in regard to certain problems, and I think it is going to be most difficult to co-ordinate the activities of them all.

Murphy's law says:

"If a problem causes many meetings, the meetings eventually become more important than the problem."

In spite of this law and as I said earlier I consider it not only a challenge, but the duty of each and every individual institution or association to initially find and define the need and then ways and means of filling it, and only thereafter to seek the consent and the assistance of the relevant authorities.

Dit is so dat die Bestuur van die Vrystaatse Landbou-unie dit baie sterk onderskryf dat elke Distriks Boereunie behoort aan te sluit by die Plaaslike Streekontwikkelingsvereniging en moet poog om op die Bestuur van hierdie vereniging verteenwoordig te wees.

In dieselfde sin is dit dan ook met groot genoegdoening dat mens kan kennis neem van die totstandkoming van "Die Stigting van Landelike Gemeenskapsontwikkeling" met hoofdoelstelling om die georganiseerde landbou, privaat- en openbare sektore te betrek en te organiseer vir die bevordering van landelike gemeenskapsontwikkeling, en alhoewel ek reeds in ligtere luim verwys het na die talle organisasies wat reeds bestaan, glo ek dat ten spyte daarvan die landbou sektor in die Republiek van Suid-Afrika met sy 1,3 miljoen plaaswerkers in diens van 65 000 boere nog nie ten volle in die opsig betrek is nie en verdien hierdie organisasies die kragdadige ondersteuning van verenigings soos u eie en van ons almal wat binne of buite die landbou sektor staan.

Soos aanvanklik gesê het ek baie groot waardering vir die feit dat ek na hierdie byeenkoms genooi is en daardeur die betrokkenheid van 'n plaaslike regering, die landbou en nyweraars verbonde aan die landbou ten toonstel en met die innige wens dat die aktiwiteite van alle persone, instansies, verenigings en maatskappye wat belang het in die totale ontwikkeling in streke van ons land en die koördinasie daarvan suksesvol sal wees verklaar ek hierdie 26ste Gewone Algemene Vergadering van u Vereniging as formeel geopen.